## ONS FILOSOFIE OOR GROEPSLEWE

1. **FAMILIES BOU**
   Groepslewe is meer as net ŉ byeenkoms, verhoudings dinamika strek verder as net ŉ gewone vergadering. Vriendskap, omgee, en missie word tot stand gebring tussen ï nie net tydens ï vergaderings nie.

2. **LABARATORIUMS VAN LEWE**
   ŉ Honger en behoefte om die *lewe* te prosesseer, nie net bybelse inhoud nie. Mense begeer om die waarheid te konnekteer met die lewe. Gesonde groepe beweeg van inhoudsgebaseerde gesprekke na plekke waar ñlewenslesse eers geprosesseer word.ò

3. **GEDEELDE LEIERSKAP**
   Kleingroepe word nie beskou as ŉ ñbo-na-onderò ñcourierò sisteem nie, maar as toegeruste gemeenskappe aan wie geestelike leierskap, bediening en verantwoordelikheid gedelegeer word.

4. **WAARDE-GEFOKUS**
   Stukture bestaan om kleingroepe te fasiliteer en te ondersteun om in die voetspore van Jesus te volg. Waardes van Egtheid, Eerlikheid, Wedersydse sorg, Die nastrewing van ŉ lewe in Christus behoort prioriteit te geniet en nie gestuit te word deur die struktuur nie.

5. **KULTURELE IMPAK**
   Kleingroepe is nie wegkruipplekke nie, maar berei mense voor vir kulturele impak ï om ander mense te dien en om betrokke te wees in die alledaagse realiteite van ons lewe met liefdevolle waarheid.

6. **KERKGESONDHEID**
   Kleingroepe is nie net ŉ middel van assimilasie of inskakeling nie ï groepslewe promoveer transformasie. ŉ Gesonde kerk kweek veilige hawens vir belydenis, gesondmaking, kuier en waar mense ingesluit word.

7. **BYBELSE MANDAAT**
   Sommige kerke het kleingroepe aangeneem as ŉ sisteem of program. Floreerende gemeentes sien groepe as ŉ uitleef van die Bybelse opdrag om God en mense liewer te hê.

8. **INTEGRASIE**
   Kleingroepe is nie onafhanklike entiteite nie. Hulle vorm deel van die plaaslike gemeente en is geïntegreerd met ander byeenkomste ï mediumgrote groepe en korporatiewe dienste.

9. **INNIGE MEEGEVOEL**
   Kleingroepe lewe verder as hulleself en betuig die liefde van Christus na ŉ gebroke wêreld. Meegevoel is ŉ natuurlike uitvloeisel van die lewe van Jesus na die armes, haweloses, honger en gebroke mense.

ALLES WAT ONS DOEN EN SÊ WERK NA EEN DOEL TOE;
"OM GOD EN MENS LIEWER TE HÊ!"

Soos jy kan sien en hoor is ons uitverkoop aan die droom om God en mens liewer te hê. Groepslewe is ŉ Bybelse model waarin gelowiges mekaar uitdaag tot ŉ hoër vorm van lewe om werklikwaar in die Beeld en gelykenis van God te groei en te verander.

RAAK BETROKKE & DEEL JOU LEWE!

Groete,
Paul